# KINDERKERK GEBEDSTASIES: God se pad

## 1. INLEIDING:

Ons gaan vanaand 'n gebedsaand hê oor 'n paar belangrike goed wat God wil hê dat ons moet weet wanneer ons ons harte vir Hom gegee het.

## 2. SONDE EN VERGIFNIS:

God het die aarde goed en mooi gemaak, maar in die Tuin van Eden het die slang, satan, na die mens gekom en vir hulle stories oor God en die boom waarvan hulle nie mag geëet het nie vertel. Eva het toe besluit dat dit wat die slang sê reg klink, van die vrugte van die boom geëet, en ook vir Adam gegee om te eet. Dis hoe sonde in die wêreld ingekom het.

Die probleem met sonde is, is dat dit gestraf moet word, en die straf is die hel. God het ons so lief dat Hy nie wou hê dat ons hel toe moet gaan nie, daarom het Hy 'n plan gemaak vir ons. God het Jesus, Sy Seun aarde toe gestuur om vir ons sondes te kom sterf. Maar soos wat Adam en Eva gekies het om van die boom se vrug te eet of nie, kan jy ook kies of jy jou hartjie vir Jesus wil gee of nie. Ongelukkig beteken dit niks vir jou dat Jesus aan die kruis gesterf het as jy nie jou hartjie vir Jesus gee nie. Soos die eet van die vrugte bly hierdie ook jou KEUSE.

a. **Aktiwiteit**: Soos ek die verhaal van die sondeval opsom, gaan die leiers in die groepe die papiervou hieronder in die groepe doen. Oefen dit asb by die huis sodat jy weet hoe om dit te doen.

b. **Gebed**: Miskien is daar verkeerde dinge in jou lewe wat jy vanaand vir Jesus voor moet jammer sê. Vanaand kry jy weer die kans om jou hartjie vir Jesus te gee as jy nog nie het nie. As jy al jou hartjie vir Jesus gegee het, dan kan jy nou saggies by jouself bid, en vir Jesus dankie sê dat Hy vir JOU sondes aan die kruis gesterf het.

## 3. GOD LAAT ALLES GOED UITWERK: JOSEF

Die volgende Bybeldeel waarby ons vanaand gaan stilstaan is die storie van Josef. Josef was een van twaalf broers gewees, maar omdat sy pa hom die liefste gehad het, het sy broers nie van hom gehou nie. God het ook vir hom twee drome gegee van wat later in sy lewe sou gebeur wat nie hy of sy broers verstaan het nie, en dit het gemaak dat hulle nog minder van hom gehou het.

Eendag toe hy by hulle aankom, het hulle hom in 'n put gegooi, en later as 'n slaaf verkoop aan mense wat verbygekom het. Hy het vir die eerste ruk in 'n man met die naam Potifar se huis gewerk, maar Potifar se vrou het leuens oor Josef vertel en Josef is in die tronk gegooi.

In die tronk het hy drome van die koning se skinker en bakker uitgelê, en die dag toe die koning 'n droom het wat niemand kon uitlê nie, het hulle vir Josef gaan haal wat die droom kon uitlê. Die Here het gewaarsku dat dit vir 7 jaar baie goed in die land sou gaan. Daarna sou daar 7 jare

wees waar dit baie sleg sou gaan en kos min sou wees. Die koning het vir Josef aangestel om te help om kos bymekaar te kry vir die 7 jaar van hongersnood. Toe die kos opraak waar sy pa en broers was, is hulle na Egipte, waar Josef hulle kon help.

Al is 'n groot deel van Josef se verhaal nie lekker nie, en baie moeilik, was God die heeltyd daar, en het Hy 'n plan gehad met elke deel van Josef se swaarkry. Op die einde het dit sy eie lewe, maar ook die van sy familie gered.

a. **Aktiwiteit**: Ek wil hê almal moet vir my hulle gelukkige gesiggie wys. Wys my nou julle hartseer gesiggies. Hoe lyk jou gesig wanneer jy maagpyn het? Wat van as jy val en jou knie seermaak? Hoe sal jy lyk as jou maatjie met jou baklei? En as jy 'n prys wen? Onthou dat God met jou is, of jy nou hartseer of gelukkig is. Net soos met Josef kan God ook mooi dinge in jou lewe doen al gaan jy deur 'n vreeslike moeilike tyd.

   In Romeine 8:28 staan daar: "Ons weet dat God laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens sy besluit geroep is." Hierdie versie beteken dat alles op die einde ok gaan wees, al voel en lyk dit nie nou so nie.

   Hierdie versie beteken NIE dat God swaarkry en seerkry van jou gaan weghou nie. NEE! Dit beteken dat Hy binne jou seerkry en swaarkry dinge vir jou gaan laat uitwerk.

b. **Gebed:** Julle gaan nou bid oor die slegte dinge in julle lewe. Die dinge wat julle nie verstaan hoe God dit kan laat gebeur nie. Gee dit vanaand vir God en vra Hom om jou rustig te maak daaroor, al lyk dinge nie nou lekker nie, weet jy dat alles ok gaan wees, omdat God dit so gaan laat wees, al lyk en voel dit nie nou so nie.

**4. LAAT GOD JOU DIE PAD WYS: WOLK EN DIE VUURKOLOM**

- **Speel een rondte "follow the leader"**

God het 'n wolk en 'n vuurkolom gebruik om vir die Israeliete die pad te wys wat hulle moes loop. So wil God vandag nog vir my en jou die pad wys wat ONS moet loop, maar God dwing Hom nooit op ons af nie. Dit bly altyd jou KEUSE!

a. **Aktiwiteit:** As jy vanaand jou pad vir God kom gee, Hom wil volg i.p.v. Hy vir jou, skryf jou naam op die voetspoor en kom plak dit teen die muur. Onthou, jy HOEF dit nie te doen nie, en as jy dit doen gaan God van jou verwag om na Hom te luister as Hy praat, anders gaan jy in die moeilikheid by God kom.

b. **Gebed:** Vra vir God om jou te help om SY pad vir jou lewe te volg en nie meer jou eie nie. Vra God om duidelik met jou te praat sodat jy sal weet dat dit HY is wat met jou praat, en wat jy moet doen.

## 5. GOD WIL DIE BELANGRIKSTE IN JOU LEWE WEES: DIE GOUE KALF

**Speletjie: Verwyder die afgod:**

Druk twee van die Goue kalf prentjies uit en plak dit teen die muur. Deel die kinders in twee groepe op en laat hulle in rye aan die ander kant van die vertrek staan oorkant 'n kalf. Laat die voorste kinders in elke ry na hulle kalf hardloop en dan 'n stukkie afskeur, dit opvrommel en in 'n bakkie gooi wat hulle leier vashou. Daarna hardloop die volgende kind in die groep en doen dieselfde. Hou so aan totdat elke kind 'n beurt gehad het en die prentjie van die kalf heeltemal afgeskeur is.

Die volk Israel het vir Aaron bevra om vir hulle 'n kalf uit goud uit te maak. Hulle het gesê dat dit nou hulle god is, en dat dit hulle uit Egipte gehelp het. God was BAIE kwaad hieroor gewees, en het 'n klomp van die Israeliete daai dag laat doodmaak.


Daar is net een God, en dis God-Drie-Eenig. Hy wil die belangrikste in ons lewens wees. Is daar dalk iets in jou lewe wat vir jou belangriker is as God? Is daar dalk iets vir wie jy liewer as vir God is?




a. **Aktiwiteit**: Elke kind kry 'n blaai met 'n hartjie in die middel. In die hartjie moet hulle 'God' skryf. Rondom die hartjie gaan hulle nou al die goed neerskryf wat hulle liewer het as vir God. Hulle 'goue kalwe'.

b. **Gebed:** Nadat die aktiwiteit voltooi is gaan die kinders wat wil oor dit wat hulle rondom die hartjie geskryf het bid, vergifnis vra dat hulle dit liewer het as vir God, en Hom vra om hulle te help dat dit nie meer vir hulle so belangrik is, en God se plek in hulle lewens inneem nie.

**6. Sluit af met gebed in die groepe**

## SONDE EN VERGIFNIS: Papiervou







Sin

HELL



LiFE

**5. WOLK EN DIE VUURKOLOM – Voete**





**DIE GOUE KALF – Hartjie**







